FEBA SUID-AFRIKA

# MAANDELIKSE E-GEBEDSFOKUS



## NOVEMBER 2025

**Saterdag & Sondag 1-2 November:** November is Wêreld Bybelmaand. Om naby aan God se Woord te bly, is die basis van FEBA se bediening. Elke FEBA-span skep omvattende inhoud om die Bybel aan luisteraars bekend te stel en te help verstaan. Van Bybelstudies op Zoom in die berge van Suidoos-Asië tot Bybelprogramme in Malawi, maak FEBA God se Woord vir gelowiges en nie-gelowiges oop. Bid dat elke Bybelonderwyser van FEBA getrou aan God se Woord sal bly en dat elke Bybelprogram ’n saadjie sal saai wat vrug dra in luisteraars se harte.

---

**Maandag 3 November:** FEBA se spanne in Oekraïne, Rusland en Moldowa vervaardig programme wat kinders van Jesus en die Bybel leer. Nou raak baie ouers ook geïnteresseerd in die evangelie as gevolg van dié programme. Bid dat God Sy genade aan elke jong luisteraar en hul ouers sal skenk waar hulle die evangelie deur FEBA se uitsendings hoor.

**Dinsdag 4 November:** Prys God dat Hy luisteraars soos Marina toelaat om Hom deur FEBA Moldowa se Bybelprogram te ontmoet. **“Soos ek geleer het wat dit beteken om my identiteit in Jesus te vind, het ek vir die eerste keer gevoel asof ek waarde het. En ek hoef dit nie in ander mense se goedkeuring te vind nie – ek het dit in God gevind!”**

**Woensdag 5 November:** *“Laat my hart na u bepalings neig, en nie na winsbejag nie. Wend my oë daarvan af om na nuttelose dinge te staar; hou my lewend op u paaie”* (Psalm 119:36-37 Afr20). Bid dat FEBA se personeel en luisteraars hul oë altyd op God sal hou en volgens Sy wil sal handel.

**Donderdag 6 November:** FEBA Kirgisië se Bybelprogram ontlok baie negatiewe reaksie van Moslemluisteraars, wie se kommentaar soms aggressief raak. Deur God se genade lei sommige van die opmerkings egter tot opregte gesprekke oor Jesus Christus. Bid vir God se wysheid waar FEBA Kirgisië se span betrokke raak by vyandige luisteraars en vra dat daardie luisteraars gered sal word.

**Vrydag 7 November:** FEBA Rusland se Bybelprogram kry toenemend terugvoer soos mense smag na lig in ’n wêreld wat al donkerder word. Bid vir die jong mans wat opgeroep word en teen hulle sin oorlog toe gestuur word, asook vir die gesinne wat agterbly. Vra dat hulle en ander luisteraars die Lig in God se Woord sal vind.

**Saterdag & Sondag 8-9 November:** Indonesië het die grootste Moslembevolking in ’n enkele land en baie van hulle weet nie van Christenradio se bestaan nie. Nou het FEBA Indonesië ’n nuwe bediening deur sy “Outside Broadcasting (OB) van” van stapel gestuur, wat die evangelie na stadstrate en landelike gebiede toe neem. Die span voer onderhoude met mense op straat, raak betrokke by mense wat nog nie luisteraars is nie, en doen regstreekse uitsendings van byeenkomste soos Christelike konserte of feeste. Bid vir FEBA Indonesië se span waar hulle hierdie nuwe uitdaging aanpak en vra God vir ’n groot oes.

---

**Maandag 10 November:** FEBA Kambodja werk nóú saam met die Cambodia Community Bible Institute om Bybelonderrig te gee waar daar geen kerke is nie. FEBA voorsien boeke en oudio-lesse, terwyl geaffilieerde pastore na dorpies reis om Bybelstudies vir studente aan te bied. Bid dat CCBI-studente die krag van God se lewende Woord sal beleef.

**Dinsdag 11 November:** Loof God vir hierdie Cambodia Community Bible Institute-student wat onlangs gesê het: **“Deur die CCBI-program het ek God se Woord bestudeer en na oudio-lesse geluister asof ek ’n regte Bybelskool bywoon. Dit het my geestelike lewe verander, my ’n dieper begrip van die Skrif gegee en het my geleer om God se liefde op ’n nuwe manier te ervaar.”**

**Woensdag 12 November:** *“Laat die woord van Christus in sy volle rykdom in julle woon. Leer en vermaan mekaar, in alle wysheid, deur met dankbare harte psalms, lofgesange en geestelike liedere tot eer van God te sing”* (Kolossense 3:16 Afr20). Bid dat FEBA se Bybelprogramme God se Woord vir luisteraars sal oopmaak sodat hulle wysheid en vreugde daarin kan vind.

**Donderdag 13 November:** Die Filippyne het reeds verskeie kwaai storms die afgelope seisoen deurstaan. FEBA Filippyne verleen hulp deur sy Rampreaksie-radio, wat ’n tydelike radiostasie in geteisterde gebiede opstel om noodsaaklike inligting met die publiek te deel en hulle te bemoedig. Bid vir God se hand van bewaring oor die RRR-spanne en vra dat hul uitsendings luisteraars na Christus sal lei.

**Vrydag 14 November:** FEBA Indonesië se ASIK!-program (wat vertaal word as “I love to follow Christ!”), rus jongmense toe om sendingwerk op sosiale media te doen. Meer as 70% van die bevolking gebruik sosiale media, so dis ’n uitstekende platform om die onbereiktes te bereik. Bid dat die ASIK!-program jong Indonesiërs sal inspireer om die evangelie met hul portuurgroep te deel.

**Saterdag & Sondag 15-16 November:** ’n Geweldige storm het onlangs FEBA Mali se stasie beskadig en hulle gedwing om uitsendings vir ’n paar dae te staak. Die direkteur vertel: “Ons het die ingenieur en sy assistent van Bamako af laat kom, ten spyte van verskriklike moeilike toestande ... die twee mans het alles reg- en skoongemaak. Hulle het ook die toring geverf. Ons is nou terug op die lug en ons luisteraars is baie, baie bly.” Prys God vir Sy seën op FEBA Mali en Sy voorsiening wat hulle op die lug hou.

---

**Maandag 17 November:** Hoewel FEBA Soedan nog net ’n kort rukkie uitsaai, ontvang hulle reeds bemoedigende terugvoer van luisteraars. Een luisteraar neem elke program op om weer voor slaaptyd daarna te luister! Bid dat God deur FEBA Soedan sal werk om verlore siele na Hom toe te lei.

**Dinsdag 18 November: “Ek was ’n Moslem en het soos een gebid, maar vandat ek na RACE FM begin luister het, het ek my tot die Christendom bekeer te danke aan die pastoor se preke in Gabri, my moedertaal.”** Prys God vir elke luisteraar in Tsjad wat die evangelie nou in hul eie taal kan hoor deur FEBA Tsjad se uitsendings.

**Woensdag 19 November:** *“Hoe groot is u goedheid wat U bewaar vir dié wat vir U ontsag het, wat U voorberei vir dié wat by U skuil, terwyl die mense toekyk”* (Psalm 31:20 Afr20). Bid dat meer mense God se goedheid deur FEBA se bediening sal ontdek.

**Donderdag 20 November:** Bid asseblief vir die gelowiges in die noorde van Mosambiek. Van die begin van Oktober af het die geweld toegeneem en dosyne Christene se lewens geëis, van wie sommige in die dorp woon waar FEBA se radiostasie is. Bid dat FEBA se personeel en luisteraars sterk sal staan in die geloof en dat die vrede van God in Christus oor hulle harte sal waak.

**Vrydag 21 November:** Bid vir FEBA se bediening onder die Yao in Malawi, waar duisende Moslems by luisteraarklubs aansluit om meer oor Jesus te leer. Pastoor Amos Phiri en sy span reis wyd en syd ter uitvoering van die Groot Opdrag. Bid dat God hulle beskerming en wysheid sal gee waar hulle ander na Christus toe lei en vervolgde gelowiges ondersteun.

**Saterdag & Sondag 22-23 November:** Na raming word tussen 50 000 en 70 000 Christene in Noord-Koreaanse gevangeniskampe aangehou. Die land is bo-aan Geopende Deure se Wêreldwaarnemingslys van die slegste plekke om 'n Christen te wees, en tog volhard die ondergrondse kerk. FEBA Korea saai die Goeie Nuus vir 18 ure per dag na Noord-Korea toe uit, met programme wat vervaardig en aangebied word deur Noord-Koreaanse oorlopers. Bid dat die kerk in Noord-Korea sal floreer en dat FEBA Korea se uitsendings luisteraars sal help om in die geloof te volhard.

---

**Maandag 24 November:** FEBA Korea het 'n groot bediening, met 13 FM-stasies wat reg oor die land uitsaai, sowel as mediumgolfstasies wat na Noord-Korea, China en Japan uitsaai. Bid vir Direkteur Daniel Han en sy span waar hulle die lig van die evangelie skyn vir dié wat in duisternis vasgekeer is.

**Dinsdag 25 November:** In 'n donker tyd van haar lewe het Me. K die Bybel deur FEBA Japan ontdek. **"Ek het een gekoop en gereeld begin lees. Hoe meer ek gelees het, hoe meer het ek gevoel asof ek uit duisternis na lig gelei word, en beide my hart en liggaam het begin genees."** Bid dat FEBA meer mense sal inspireer om God se Woord te lees.

**Woensdag 26 November:** *"Toe het hulle in hulle nood na die HERE om hulp geroep; uit hulle benoudheid het Hy hulle verlos. Hy het sy woord gestuur en hulle genees; Hy het hulle laat vrykom uit hulle vangkuile"* (Psalm 107:19-20 Afr20). Bid dat FEBA se luisteraars in moeilike tye hulp sal soek by God en nie by wêreldse dinge nie.

**Donderdag 27 November:** Reg oor die wêreld maak Generasie Z hul harte oop vir die evangelie – ook in Japan. Hoewel die ouer geslag moeilik bereikbaar bly, is die jonger geslag nuuskierig oor die evangelie. FEBA Japan wil dié geleentheid aangryp. Bid vir God se leiding waar hulle programme ontwikkel om Sy Woord met Gen Z in Japan te deel.

**Vrydag 28 November:** In lande soos Hongkong en Taiwan het vals godsdienste so diep wortelgeskiet dat mense teësinnig is om op die evangelie te reageer. Ten spyte van karige terugvoer hou FEBA se spanne egter in geloof vol om God se Woord uit te saai. Bid dat God FEBA Taiwan en FEBA Hongkong se werk met oorvloedige vrug sal seën.

**Saterdag & Sondag 29-30 November:** Het jy geweet? Meer as 3 miljard mense het die evangelie nog nie eers een keer gehoor nie. Daarenteen saai FEBA al vir die afgelope 79 jaar die Goeie Nuus deur radio-uitsendings uit na miljoene luisteraars. En deesdae is dit sosiale media wat deure oopmaak waar FEBA nie 'n uitsaailisensie kan bekom nie. Bid dat God FEBA-spanne wysheid, krag en kreatiwiteit sal gee om die evangelie op alle moontlike maniere aan die onbereiktes te bring. Vra dat Hy mense se harte op Sy Woord sal voorberei, sodat die saad wat FEBA saai, vrug sal dra.





+27 12 335 5708 info@febaradio.co.za www.febaradio.co.za
+27 81 265 4801 FEBARadioSA feba_radio_sa